# 14 Maart 2024 - Lesing 261 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God is in ons - Hy is by ons aanwesig **–** 6/2/62

**NO: 8095** Daar bestaan geen groter genadegeskenk vir julle mense op hierdie aarde nie, **as dat julle deur 'n regstreekse aanspreking deur My onderrig word**. Want dan is Ek by julle aanwesig en Ek gee julle tekens van My teenwoordigheid deur openbaringe wat julle net kan toekom deur Myself, Wie van alles op hoogte is.

Ek is dus in julle, want of julle ook maar 'n nietige vonkie van die Gees van My Godheid in julle berg, - My Gees is ondeelbaar en julle sal daarom kan sê dat Ek Self in julle is en werk, wanneer die geesvonkie Homself uiter. En dus word julle ook **ooreenkomstig die waarheid** onderrig deur My, **aangesien Ek die ewige Waarheid Self is.**

So sal julle dus die ontvange woord (die openbaring) moet waardeer, wat daarom 'n ongewone genade-geskenk is, **omdat julle as mens nog nie die hoogste graad van rypheid besit nie**, wat 'n volkome vereniging tot gevolg sal hê. Maar My Liefde vir julle is oneindig groot en daar moet aan julle 'n buiten-gewone hulp verleen word, omdat My teenstander groot mag het en dit aanwend om julle in die verderf te stort.

Maar Ek sou My nie kon uiter as julle nie self die vonkie van My Goddelike Gees in julle laat opvlam nie, as julle nie **'n lewe van liefde lei** wat die Geesvonk ontsteek en hom nou in staat stel om sy werk te doen nie.

En julle sou wederom niks verneem van dit wat Hy julle laat ondervind nie, as julle nie in diepe geloof **na die stem in julle binneste sou luister nie**, as julle nie aan My regstreekse aanspreking sou glo nie. En dit vereis vooraf 'n **innerlike band** met My, wat My dan daartoe bring om julle met My Liefde te bestraal en haar vir julle in oorvloed te skenk.

Ek wil altyd in julle wees en julle van My aanwesigheid blyke gee. En daarom sal Ek julle altyd aanspreek so dikwels as wat julle dit toelaat, d.w.s. wanneer julle julleself innerlik met My verbind en luister binne-in julle. **En dan stort Ek 'n (geestelike) rykdom oor julle uit, wat julle waarlik gelukkig sal maak**.

Ek skenk julle lig in alle volheid, Ek onderrig julle ooreenkomstig die waarheid, oor alles wat vir die **rypwording van julle siele** dienstig is. Ek bestraal julle met My Liefde en My Liefde skenk aan julle wat by julle ontbreek, omdat julle nog nie volmaak is nie.

Al dikwels het Ek julle opheldering gegee oor die "**werksaamheid van My Gees**" en julle ook daarvan in kennis gestel dat aan die verstandelike kennis van die mens grense gestel is, maar nooit aan die kennis wat deur die werksaamheid van My Gees verkry kan word nie. Die kennis is waarlik onbeperk en kan tog aan die mens oorgebring word deur Myself, Wie die Waarheid, die Lig van ewigheid is. **Maar net Ek Self kan vir julle hierdie kennis laat toekom** en Ek soek vir My waarlik goeie opnamehouers uit, waarin Ek My Lig kan laat instroom, wat dan ook egter sal skyn tot ver weg in die donkere nag.

Tog is dit maar selde moontlik, meestal bied die mense weerstand teen My, **omdat hulle nie die hart, maar die verstand laat spreek**.

Waar My regstreeks werksaamheid egter moontlik is, daar het die ligstraal soveel sterkte, dat hy baie menseharte kan verlig as hulle hom slegs sonder weerstand opvang, wie homself aan die straling van My Liefde oorgee en nou dus indirek My aanspreking in ontvangs neem.

(6 febr.) En dit wil Ek bereik, dat die mense hul geestelike blindheid verloor en dat hulle weer langsaam tot die insig kom omtrent **dit wat hulle was in die allereerste begin en wat hulle weer moet word**.

Ek wil in elke mens 'n klein liggie ontsteek, want dan sal hy sy aardse lewe bewustelik lewe, hy sal aan homself vrae stel en dit sal aan hom deur middel van gedagtes beantwoord word, - **sy denke sal korrek wees** as dit sy verlange is om die waarheid te wete te kom.

Hy sal op hoogte wees van My Wil en dit ook probeer vervul, omdat hy ook die samehang met My as sy God en Skepper begin in te sien. En helderder lig sal hom sekerlik steeds bestraal, want hy open homself vir die aanstraling van My Liefde, sodra hy maar in gedagtes die verbinding met My tot stand bring, sodra hy elke innerlike verset teen My opgee.

**Ek is Self in hom** as 'n nietige Goddelike vonkie en hierdie teenwoordigheid van My weer hy nie meer af nie en Ek kan dan ook in hom werk. En Ek sal dit ook doen, Ek sal My aan iedereen openbaar, ook al is dit op verskillende wyses, steeds passend by die graad van sy volmaaktheid, **maar elke mens sal My kan herken, as hy maar wil**.

Die ligstraal van My Liefde sal hom steeds weer aanraak totdat hy homself bewustelik oopmaak en verlang na My en My Liefde, wat hom in alle volheid ten deel sal val.

Want Ek het My skepsele lief en Ek wil dat hulle salig word. Ek wil ook dat hulle op hoogte sal wees van My groot Liefde, sodat hulle My Liefde kan beantwoord. En dan is ook die vereniging verseker, dan sal My skepsel ook elke duisternis kan ontvlug, omdat die lig in hom self skyn, omdat Ek Self in hom aanwesig is en daar dan waarlik **geen terugval in die diepte** meer te vrees is nie. Amein.